

## **Natuurrampe van twingste eeu**

**Aarde, vuur, lug en water... daaruit bestaan alles, het die geleerdes van die Oudheid gesê. En dit is hierdie elemente wat tewens verskriklike rampe kan bring wanneer die aarde en die natuur toornig raak. Ook die twintigste eeu het natuurlik hierdie woede nie vrygespring nie...**

### **AARDE EN VUUR (aardbewings en vuurspuwende berge -- ook weerlig)**

**DIE aarde bewe. Die aarde spuug vuur. Van hewige aardkokke en uitbarstende vulkane het ook die twintigste eeu sy kwota gehad, maar geen daarvan het soveel menseleuens gekos as daardie aardbewing van Tangshan nie.**

**Op 28 Julie 1976 het dit in Oos-China 'n geraamde 242 000 mense doodgemaak, wat dit die ergste aardbewing in die moderne geskiedenis maak. (Daar was wel in die jaar 1201 'n aardbewing aan die oostekant van die Middellandse See wat glo meer as 'n miljoen mense die ewigheid ingestuur het. Dit word as die dodelikste een in menseheugenis beskou.)**

**Om sulke seismiese woelinge te verstaan, moet 'n mens jou die aarde voorstel as groot en plat soliede rotsplate, kilometers dik, wat rus op 'n dik warm massa wat soos 'n waterstroom vloei. Waar plate mekaar ontmoet, bots of skuur hulle teen mekaar. 'n Tyd lank weerstaan die effens rekbare aardkors wel die spanning en samepersings, maar dan bereik dit 'n punt waar dit skielik breek of die verskillende dele oormekaar skuif.**

**Die krake in die aardkors waar die dele bymekaarkom, word "breuke" (Engels "faults") genoem. Een van die bekendste breuke is die San Andreas-breuk, wat sowat duisend kilometer deur die staat Kalifornië in Amerika sny. 'n Aardbewing weens hierdie breuk het in 1906 die stad San Francisco getref en 700 mense se dood gekos. Byna 30 000 geboue is verwoes.**

**Die aardbewing wat tot dusver die meeste mense op aarde dakloos gelaat het, was dié van Februarie 1976 in Guatemala toe die huise van 'n miljoen mense verwoes is. In die jare negentig was daar weer opspraakwekkende aardbewing-skade in Kalifornië. Die een van 1994 in die stad Los Angeles het byvoorbeeld met oorbrûe gespeel asof dit kinderspeelgoed was.**

**\* Ook vuurspuwende berge of vulkane word aangetref waar daar swak plekke in die aardkors is. Die soliede kors rus so swaar op die vloeibare rots (of magma) dat dit byna soos die pit van 'n pitsweer uitgedruk word. Die eilande van Hawaii, onder meer, is die produkte van vulkaniese uitwerping. Die proses het in die twintigste eeu steeds voortgegaan en uitgewerpte lawa het selfs Hawaii se grondgebied vergroot!**

'n Vulkaan soos die Kilauea van Hawaii is al sedert 1983 aktief en die Adatara van Japan sedert 1967. In die middel van die jare negentig het die Soufrier Hills-vulkaan op die Karibiese eiland Monserrat vir een van die grootste vulkaan-dramas van die eeu gesorg toe die eiland se hoofstad, Plymouth, onder 'n dik askleed begrawe en heeltemal ontruim is. Die eilandbewoners -- baie het immers van die eiland padgegee -- se lewe is onherroeplik verander.

\* Vuur kan natuurlik ook uit die hemele kom in die vorm van weerlig. In 1963 is 'n Boeing 707-straler oor die staat Maryland in Amerika deur 'n weerligstraal getref. Die straler het neergestort en 81 passasiers is dood.

### **WOELIGE LUG (wind)**

**DIE VERWOESTINGSWERK** van tornado's en van orkane is miskien nie altyd so opspraakwekkend soos dié van aardbewings nie, maar dit maak dit nie minder skrikwekkend nie. Trouens, waar 'n werwelstorm nog boonop met oorstromings gepaard gaan, kan die dodetal in die honderdduisende wees, soos 1970 se sikloonramp in Bangladesj waarvan ondertoe in die afdeling oor watervloede vertel word.

Die tornado is die dodelike grootboet en die orkaan die enorme en verwoestende ouboet van daardie gewone ou stoftrappertjie van die vlakte wat ons die warrelwind noem. 'n Betrekklike lugleegte ontwikkel en lug beweeg dan soontoe om die leegte te vul.

\* Die tornado is 'n lugdruksisteem met 'n gemiddelde deursnee van 1 km. In 'n toestand van geweldige onstabieliteit word lug van onder af met 'n kolkbeweging in 'n donderwolk ingesuig.

Die gesig is sowel angswekkend as skouspelagtig. Tornado's se waansin is al verskeie kere in Suid-Afrika ervaar. 'n Tyd gelede was daar die verstommende ontkoming van 'n winkelier in Transkei toe sy motor, na berig is, 30 m hoog en 1,5 km ver "gevlieg" maar hy betyds uitgeval het. Sy vrou is in die tragedie dood.

Sekere ander berugte tornado's in ons land was die Roodepoort- tornado van 1948 (drie mense dood) en dié van Welkom in 1990 wat 3 000 huise verniel het (twee mense dood).

Die wêreld se dodelikste tornado in die opgetekende geskiedenis was dié van April 1989, ook in die veel geteisterde Bangladesj, toe sowat 1 300 mense omgekom het.

\* Die orkaan, ook genoem tifofoon of sikloon afhangende van waar in die wêreld hy voorkom, is 'n veel groter lugbeweging met 'n kolk-aksie wat oor selfs 500 km kan strek. Die winde in orkaanstorms wentel van buiterand af na die middelpunt of sogenaamde "oog". Hierdie storms kom nie meer as 'n verrassing vir mense soos vroeër dae nie, want satelliete kan betyds verklik as hulle begin vorm en dophou hoe hulle beweeg. Mense kry dus die kans om te vlug, maar die skade bly geweldig.

**WATER: watersnood (vloede -- ook modder- en sneeustortings)**

**DIT was die ramp waardeur die Nederlanders se grootste vrees bewaarheid is: dat die dyke sal meegee wat die see van hulle af weghou. Op 'n berugte Februarie-nag in 1953 het hierdie stuitwal van Zeeland op meer as 400 plekke gebreek. Altesaam 1 835 mense het die ewigheid ingeskiet en 2 600 huise is beskadig.**

**Met baie reën op 'n keer in die jare negentig het die Nederlanders in hernieude vrees gelewe dat die dyke sou bars, maar hierdie slag het hulle wel gehou. Ook die Duitsers het in dié dekade onder vloedwaters deurgeloop, toe die Ryn by die stad Keulen oor sy walle gebars het.**

**Veel skrikwekkender nog in omvang was die watergeweld in die afgelope eeu in die dig bevolkte Asië. Massas en massas brandarm mense, uitgelewer aan die grille van die natuur, moes telkens die hoogste tol met 'n verskriklike waterdood betaal.**

**'n Vloedramp wat die wêreld veral aangegryp het, was dié van Bangladesj in April 1991. Verwoed het seewater oor die laagliggende eilandjies aan die kus gestroom toe dit deur 'n tropiese werwelstorm opgestu en met 'n dodelike krag bewapen is. In die rampgebied het minder as 'n tiende van die huise bly staan en was, volgens een bron, meer as 125 000 mense en volgens 'n ander nie minder nie as 300 000 mense dood. Nietemin was die vloedlyn van kadawers -- dié van mense en diere -- destyds sprekend van 'n ellende wat geen woorde kan beskryf nie.**

**In 1970 is Bangladesj (toe nog Oos-Pakistan) deur 'n selfs dodeliker werwelwindstorm met gepaardgaande vloede getref wat as die ergste sikloonramp in menseheugenis gereken word. 'n Geraamde 300 000 tot 400 000 mense is toe dood.**

**Die gevaar van en ontberings tydens oorstromings word verder vererger as dit met moddervloede en modderstortings gepaard gaan, soos telkens gebeur. Suid-Afrika se ergste vloedramp (ook gepaard met slik en modder) was in die begin van die jare tagtig toe die Wes-Kaapse dorp Laingsburg byna van die landkaart afgevee is.**

**\* Om sneeustortings in een asem met oorstromings te noem, klink miskien nie reg nie, maar sneeu is mos ys en ys is tog bevrore water. Hoe voel dit vir 'n Alpebewoner om uit sy huis moet te vlug as die sneeu by die deur inkom? Oorlewendes van die wêreld se grootste "massabegraving" onder sneeu sou 'n mens stellig kon vertel.**

**Op 11 Januarie 1954 het twee sneeustortings die dorpie Blons in Oostenryk getref en meer as 100 van sy byna 400 inwoners verswelg. In die Leduc-myn is 300 van sowat 600 mynwerkers lewend begrawe.**

**WATER: waterdood (die ellende van droogte)**

**'N GEBREK aan water bring droogte en droogte beteken dikwels hongersnood. Partykeer is hongersnood wel ook mensgemaak, soos wanneer 'n slepende oorlog 'n gebied se**

**infrastruktuur verwoes. Maar as die reëns wegbly, kan die mens hom alleen maar tot sy Skepper wend vir hulp.**

**Die ergste droogte van die twintigste eeu het van 1968 af twaalf jaar lank in die Sahel-gebied in Afrika geheers. Die Sahel is die oorgangsones tussen die dorre Sahara in die noorde en die vogtiger tropiese gebiede in die suide. Dit strek van Mauritanië in die weste tot by Tsjad in die ooste.**

**Ook in Rusland het staatkundige woelinge en 'n droogte vroeg in die twintigste eeu saamgewerk om die mense-ellende te vererger. Miljoene was in die greep van hongersnood vasgevang.**

---

**[Terug na inhoudsblad -- klik hier](#)**

---

Ons Wonderlike Wêreld op CD, 2004 - Uit Huisgenoot se Jongspan